higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N5

(4010175)

1 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en ’n antwoordboek van 11 bladsye.

162Q1J2101

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE REKENINGKUNDE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf jou EKSAMENNOMMER op elke bladsy van die ANTWOORDBOEK.
5. Die finansiële staat moet volgens die 2001-sillabus opgestel word.
6. Toon alle berekeninge in hakies, waar van toepassing.
7. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
8. ’n Nie-programmeerbare sakrekenaar kan gebruik word.
9. Moenie Tipp-Ex gebruik nie.
10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Vooraangepaste proefbalans van Jonny and Jayson Traders – 30 Julie 2019

	R	R
BALANSSTAATAFDELING:		
Kapitaal: Jonny		180 000
Jayson		160 000
Lopend: Jonny	5 800	
Jayson		2 080
Trekkings: Jonny	46 000	
Jayson	30 000	
Grond en geboue	161 000	
Algemene reserwes	23 000	
Voertuie	103 200	
Toerusting	27 840	
Opgelope depresiasie: voertuie		38 400
Opgelope depresiasie: toerusting		10 320
Lening: ABBC Bank (15%) Jonny		60 000
Handelsvoorraad	28 600	
Debiteurekontrole	20 050	
Bank	4 560	
Krediteurekontrole		6 740
NOMINALE AFDELING:		
Verkope		192 600
Koste van verkope	98 000	
Debiteuretoegewings	2 600	
Salaris: Jonny	30 000	
Salaris: Jayson	25 000	
Slegte skuld	9 115	
Ouditeursgeld	9 680	
Administratiewe uitgawes	2 763	
Eiendomsbelasting	1 110	
Skryfbehoeftes	780	
Salarisse en lone	25 400	
Telefoon	5 363	
Rente ontvang		14 700
Versekering	4 979	
	664 840	664 840

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Aanpassing en bykomende inligting:

1. Handelsvoorraad op 30 Julie 2019 R30 500

   Skryfbehoeftes op hande R280

2. Slegte skuld van R300 moes afgeskryf word as onverhaalbaar. Skep voorsiening vir slegte skuld van 5% van die goeie boekskuld.

3. R150 van bedrag van eiendomsbelasting is vir die volgende finansiële periode betaal.

4. Depresiasie moet afgeskryf word teen 15% per jaar op koste van voertuie en teen 25% per jaar op die afnemende saldo op toerusting. Neem in ag dat nuwe toerusting ter waarde van R3 000 op 1 Maart 2019 gekoop en geboekstaaf is.

Vennootskapsooreenkoms:

a. Die rente op die lening deur Jonny moet teen sy lopende rekening gekrediteer word. Geen rente is vir hierdie finansiële periode bereken nie.

b. Vennote word aan die begin van die jaar met rente van 9% per jaar op die saldo van die lopende rekeninge gedebiteer of gekrediteer.

c. Rente op kapitaal is 12% per jaar.

d. Rente op trekkings moet teen 10% per jaar bereken word.

e. Die algemene reserwe moet tot R30 000 verhoog word.

f. Vennoot Jayson moet met ’n bonus van R5 500 gekrediteer word vir spesiale dienste wat aan die besigheid gelewer is.

g. Jonny ontvang ’n maandelikse salaris van R7 500 en Jayson ontvang R85 000 aan die einde van die finansiële periode.

h. Die oorblywende wins of verlies moet in die verhouding 4:3 tussen die vennote verdeel word.

Verlang:

Inkomstestaat en toedelingstaat van die besigheid vir die rekeningkundige periode geëindig 30 Julie 2019. **[50]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Die hoofkantoor van Lion Stores in Gauteng faktureer goedere aan takke teen kosprys. Die hoofkantoor het 'n volledige stel boeke vir elke tak.

Saldo's van die bates by Tembisa-tak was op 1 Januarie 2019 soos volg:

	R
Voorraad teen kosprys	88 000
Debiteurekontrole	27 500
Toerusting teen kosprys	40 800
Opgelope depresiasie op toerusting	21 400
Geld in die bank	31 570

Transaksies:	**R**
Hoofkantoor stuur goedere na tak	168 000
Goedere teruggestuur na hoofkantoor deur tak	68 000
Kontantverkope	690 530
Kredietverkope	480 500
Kontant ontvang van debiteure	455 000
Afslag toegestaan aan debiteure	3 620
Slegte skuld afgeskryf	2 800
Toerusting betaal deur tak se bank op 31/06/2019	18 600
Bedryfsuitgawes betaal deur hoofkantoor:	
Lone	62 000
Huurgeld betaal	23 700
Bedryfsuitgawes betaal deur tak:	
Salarisse	100 000
Skryfbehoeftes	5 600
Versekering	13 200

Bykomende inligting:

(a) Versekeringsbedrag van R550 is nog betaalbaar.

(b) Die bedrag van R200 vir herstelwerk is foutiewelik in die salarisrekening aangeteken.

(c) Depresiasie van toerusting teen 15% moet afgeskryf word deur die afnemende saldo-metode te gebruik.

(d) Voorraad by tak op 30 Desember 2019 het R45 400 beloop.

Kopiereg voorbehou

Toon die Tembisa-takrekening in die hoofkantoor grootboek op 30 Desember 2019.

2.1	Takvoorraad	(9)
2.2	Takdebiteurekontrole	(6)
2.3	Taktoerusting	(3)
2.4	Goedere na tak	(4)
2.5	Takversekering	(4)
2.6	Tak se wins en verlies	(14)
		[40]

VRAAG 3

Transaksies gedurende November 2019.

01	Voorraad op hande	900 eenhede @	R4,00 elk
04	Uitgereik	300 eenhede @	R11 elk
08	Aangekoop	200 eenhede @	R3,20 elk
09	Uitgereik	420 eenhede @	R12 elk
15	Aangekoop	150 eenhede @	R3,60 elk
17	Uitgereik	250 eenhede @	R12,50 elk
22	Aangekoop	130 eenhede @	R3,80 elk
27	Uitgereik	180 eenhede @	R13 elk
29	Aangekoop	120 eenhede @	R4,00 elk
30	Uitgereik	200 eenhede @	R13.50 elk

Verlang:

Toon die voorraadkaart van Tiger Traders vir November 2019 deur die volgende metodes te gebruik:

3.1	Eerste-in-eerste-uit-metode	(20)
3.2	Laaste-in-eerste-uit-metode	(20)
		[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

J. Guma dryf handel as ’n algemene handelaar en het nie volledige rekeningkundige rekords gehou nie. Hy het jou genader om sy finansiële posisie vir die jaar geëindig 30 Maart 2019 op te stel.

Die volgende saldo’s was in sy boek op 30 Maart 2018.

	R	R		R	R
Voertuie	25 000		Kapitaal	90 000	
Opgelope depresiasie op voertuie	(6 300)	18 700	Voeg by: Netto wins	30 000	
Toerusting	83 400		Minus: Trekkings	12 000	108 000
Opgelope depresiasie op toerusting	(14 600)	68 800			
Handels-voorraad		34 000	Lening: Ugly Bank (15%)		15 000
Debiteure-kontrole		29 650	Krediteurekontrole		22 400
			Eiendomsbelasting betaalbaar		1 450
			Bankoortrekking		3 300
		150 150			150 150

Nadat jy ’n ondersoek uitgevoer het, kon jy die volgende vasstel:

1. Volgens die fisiese voorraadopname het hy voorraad ter waarde van R60 000 en skryfbehoeftes van R720 op hande gehad.

2. Die laaste bankstaat het ’n kredietsaldo van R10 700 getoon. Geen deposito’s of tjeks was uitstaande nie.

3. Handelsdebiteure beloop R56 700, maar die bedrag van R6 700 moes afgeskryf word.

4. Die voorsiening vir slegte skuld moes teen 4% geskep word en voorsiening vir afslag van 2% van goeie debiteure.

5. Krediteurekontrole het R18 000 beloop.

6. Die eienaar het in Januarie 2019 ’n bykomende kapitaalbydrae van R10 000 gemaak en R15 680 vir persoonlike gebruik geneem.

7. ’n Vaste deposito van R13 000 teen 7%-rente per jaar is op 1 Desember 2018 by Ugly Bank gemaak; tot op datum is geen rente ontvang nie.

8. Toerusting met ’n kosprys van R6 700 en drawaarde (boekwaarde) van R2 200 is op 1 April 2018 verkoop. Nuwe toerusting is op 30 Januarie 2019 gekoop. Skryf depresiasie teen 10% per jaar op kosprys af.

Kopiereg voorbehou

9. Skryf depresiasie op voertuig teen 15% per jaar op afnemende saldo af.

Verlang:

Stel die balansstaat vir die jaar geëindig 30 Maart 2019 op en toon die aantekeninge soos aangedui word in die ANTWOORDBOEK. **[40]**

VRAAG 5

5.1 Noem TWEE gebruikers wat geïnteresseerd is in die inligting wat in die finansiële staat vervat is. (2 × 2) (4)

Jy ontvang die volgende opsommings van Sama Trader vir twee jaar: Oktober 2018 en Oktober 2019.

	2018	**2019**
	R	R
Nie-bedryfsbates	178 000	220 000
Voorraad	95 000	310 000
Bank	120 000	-
Debiteurekontrole	86 000	125 000
Totale bates	479 000	655 000
Kapitaal	281 500	453 300
Verbandlening (10%)	67 000	55 000
Krediteurekontrole	130 500	98 000
Bankoortrekking	-	48 700
Totale ekwiteit en laste	479 000	655 000

Bykomende inligting:

a. Besigheid handhaaf 'n bruto winspersentasie van 30% op omset.

b. Debiteure word 60 dae krediet toegestaan.

c. Krediteure word 90 dae krediet toegestaan.

	2018 R	**2019 R**
Aankope: Krediet	321 000	468 000
Kontant	80 000	150 000
Verkope: Kontant	550 000	600 000
Krediet	600 000	680 000
Ander uitgawes	215 000	320 000

Kopiereg voorbehou

Verlang:

5.2 Bereken die volgende vir die jaar geëindig 2019. Rond af tot TWEE desimale.

5.2.1	Indringendetoetsverhouding (Acid test ratio)	(6)
5.2.2	Netto wins persentasie	(5)
5.2.3	Omsetsnelheid van debiteure	(5)
5.2.4	Gemiddelde betalingstydperk aan krediteure (in dae)	(5)
5.2.5	Solvensieverhouding	(5)
		[30]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou